

RADIKALE REDENAARS 2021

Bepanning vir volgende jaar is volstoom aan die gang en alhoewel daar nog onsekerheid is oor die skooljaar vir 2021, asook streng Covid19 regulasies is, wil ons die beste daarvan maak.

Ons wil nie die leerders ontnem van hul kans op deelname, en nooi hul almal om weer aanlyn deel te neem. Dit sluit in individuele-, span- en lees deelname.

Ons hoop vir so bietjie GOEIE NUUS ... dat die streeksfinale en nasionale finaal weer in die lokale aangebied kan word soos in die verlede. Dit sal egter eers nader aan die verskeie datums (soos op die web beskikbaar) bevestig word.

Indien dit nie kan plaasvind soos ons dit graag wil doen, sal deelnemers wat gekwalifiseer het vir hierdie rondtes wel hul sertifikate per epos ontvang.

INSKRYWINGS

- Die inskryfvorm asook inligting wat die voltooiing daarvan vergemaklik is op ons web beskikbaar
- Inskrywings kan deur die skool of privaat gedoen word en per epos gestuur word na radikaleredenaar@gmail.com
- Aangesien die ATKV sekere 2020 temas per graad oorgedra is na 'n volgende graad vir 2021 mag 'n leerder dieselfde toespraak weer gebruik, met ander woorde...dieselfde toespraak van Gr 3(2020) kan weer gebruik word in Gr 4(2021).
- Daar sal van ander beoordeelaars ook gebruik word in 2021.

DEELNAME/VIDEOS

- Maak asseblief seker dat die beligting, klank en agtergrond duidelik is.
- **Spreker moet hul naam, van, graad en skool aankondig voor hul met die toespraak begin, of hierdie inligting moet duidelik in die epos aangedui word**
- Die spreker (verkieslik) in skooldrag hoef net halflyf afgeneem te word en die notas moet duidelik sigbaar wees.
- Die videos mag nie opgebreek word en moet as een geheel gestuur word.
- Sleg een video per item mag ingestuur word
- Die video word dan per epos gestuur na radikaleredenaar@gmail.com, en nie per whatsapp
- Ons het met 2020 se videos ondervind dat You Tube, WeTransfer en google drive goed gewerk het. Dropbox was nie heeltemal so suksesvol
- Na die beoordeling word die repliek en sertifikaat per epos gestuur en die video uitgewis
- Indien u die uitslae nie na 10 dae van "sluitingsdatum vir videos" ontvang het, kan u per epos opvolg.

Kyk gerus na die 2021 datums op die webblad (www.radikaleredenaar.com).